- Snoeitegniek om die Pierneefstyl te vorm. Die belangrikste beginsel is om volgens die oophandmetode te snoei en om takke aan te moedig om teen 'n hoek van 45 grade te groei. Op dié wyse word die raamwerk natuurlik gevorm en is die eind-resultaat gewoonlik baie effektief.



'n Belangrike faset van die Pierneefstyl is die sig-sag raampatroon wat deur die raamtakke en sytakke gevorm moet word. Hierin lê die bekoring van die styl en word dit duidelik van alle ander style onderskei.



* DIE ENKEL- OF MEERVOUDIGE KRONE:

Die kroon, hetsy enkel of meervoudig, is 'n belangrike kenmerk van die Pierneefstyl. Krone vorm gewoonlik op die raamtakke en die plasing van die raamtakke het dus 'n belangrike invloed of die boom 'n enkelkroon of meervoudige kroon sal hê.



- Die enkelvoudige kroon. Let veral daarop dat die takke hoog teen die stam uitsprei om byna 'n besem-effek te hê.

- Meervoudige krone. Krone kan op die raamtakke ontwikkel om meervoudige krone te vorm.